WIECHERS, M 1988: *'n Politieke Idiotikon vir Suid-Afrika.* Kaapstad: Tafelberg. R22.50 + AVB

Marinus Wiechers se jongste publikasie is 'n tydige boek vir diegene wat wonder of daar nog hoegenaamd 'n toekoms vir hul kinders in Suid-Afrika is.

In hierdie idiotikom (of ''dialekwoordeboek'') verduidelik Wiechers, professor in Staatsreg aan UNISA, algemene begrippe en woorde wat binne die Suid-Afrikaanse politieke arena gebruik word, en waaroor elke Suid-Afrikaner helderheid moet hê. Wat sake vir die gewone man egter bemoeilik, is die feit dat van hierdie begrippe deur die jare bepaalde nuanses en betekenisse bygekry het wat hulle dikwels hoogs verwarrend maak.

Die skrywer bespreek in maklik verstaanbare taal onder meer burokrasie, groepregte, konsensus, koöptering, menseregte, nasionale en onafhanklike state, regsorde en scenario's. Dat dié idiotikon egter veel meer as net 'n blote definisie van begrippe gee, blyk duidelik uit vrae wat in die besprekings behandel word soos: ''Is ons styl van internasionale deelname en onderhandelinge uit pas, of wat is die groot fout?''; ''Hoe gebeur dit dat 'n regsorde so diep beskerm word dat die regering nie daaraan kan torring nie?''; ''Kan ons land 'n akte van menseregte bekostig?''

Hy verduidelik verskillende regeringstelsels soos federasie, kantons en konsosiasie en ondersoek terselfdertyd die toepaslikheid van dié stelsels op die Suid-Afrikaanse situasie.

Die eintlike waarde van hierdie publikasie van Wiechers lê egter veral daarin dat hy uit sy ryke ervaring oor die staatkunde en byvoorbeeld die staatkundige debat in Suidwes/Namibië 'n dimensie tot die debat tussen Suid-Afrikaners voeg, wat eintlik onontbeerlik is as ons ons eie probleme aanspreek. Hierdie boek is boonop in die taal van Jan Publiek geskryf. Dit is sistematies uiteengesit en baie goed beredeneer. Dit handel oor talle wroeginge wat in elke Suid-Afrikaner se hart en verstand woel in hierdie onseker tye. Dit is 'n publikasie wat veral deur elke blanke kieser gelees behoort te word - nie om noodwendig met alles saam te stem nie, maar om die opinie van 'n kundige minstens onbevange te oorweeg.

Heel gepas het Wiechers weggespring in hierdie reeks opstelle deur apartheid wat ''vir verskillende mense heeltemal verskillende dinge beteken'' te ontrafel. In dié proses word heelwat mites om apartheid geprik - soos dat in die jaar 1978 die swart stroom na die stede terug na die tuislande gedraai sou word! Swart burgerskap van die sogenaamde onafhanklike state en die gewatertrappery daaromheen word verder klinies deur hom aan die groot klok gehang. Hy besluit: ''Die eenvoudige waarheid is dat min mense in Suid-Afrika, hetsy in die tuislande of die onafhanklike tuislande hulself nie gewoon as Suid-Afrikaners beskou nie. Herstel van burgerskap beteken eenvoudig herstel van burgerskap, naamlik die teruggee van Suid-Afrikaanse burgerskap aan almal wat dit by die onafhanklikwording van tuislande verloor het.''

Elders neem Wiechers die eie sake/algemene sakekonsep onder die lope en wys daarop dat die onderskeid tussen hierdie twee begrippe eintlik 'n weerspreking is, omdat niks so eie is dat dit nie ook 'n algemene keerkant het nie. Hy vervolg: ''Die tragedie van die voorskriftelike indeling van ''eie sake'' is dat dit vir mense onmoontlik gemaak word om self en vry na gemeenskaplikhede te soek vanuit hulle eie leef- en ervaringswêreld.''

Voortgaande word daar na etnisiteit gekyk en ook hier tref Wiechers met sy skerp waarneming wat die sogenaamde kleurling betref. ''Vir kleurlinge is die toestand nog erger. 'n Mens word volgens kleur, ras, afstamming en herkoms as ''gekleurde'' geklassifiseer. Nou moet hy die taal, godsdiens, kultuur en gebruike van die kleurling-volk-in-wording uitleef. Hoe? Sy taal is Afrikaans of Engels, sy godsdiens is Christelik en sy kultuur grootliks dié gewone Boere-kultuur. Amptelik moet hy egter volk-in-wording en apart wees, apart geregeer word en apart geadministreer word. 'n Kleurling skud eendag sy kop moedeloos: ''Ek moet mos volk-in-wording wees; die moeilikheid is dat hoe méér ek word, hoe meer word ek maar net soos julle wittes''.

Die indruk wat uit die paar geselekteerde aanhalings by sekere mense kan ontstaan, is dat Wiechers die Afrikaanse tradisies en waardes belaglik probeer voorstel. Dit is nie waar nie. Hy redeneer met deernis en begrip vir sy eie mense se vrese en swakhede, maar hy spreek die werklikheid aan soos hy is en deins nie daarvan terug nie. Wat meer is, hy probeer wegkom van stereotipes en persepsies wat oor groepe en konsepte bestaan wat regtig nie met die werklikheid verband hou nie. Sprekend is in hierdie verband die swartman se reaksie op die blankes se opregte poging om hom teen die kommunisme te waarsku. So 'n swartman het skouerophalend gereageer: ''Al hierdie kommunistiese goed van inperkings, menslike onwaardigheid, staatsbeheer, g'n vryheid. Het jy ooit hier by ons al anderkant die draad gelewe?''

Daar is geen publikasie wat foutloos is nie en die titel van hierdie boek is byvoorbeeld myns insiens 'n ongelukkige keuse, omdat hy juis 'n ivoortoring-nuanse het. My titel sou wees ''Kom ons gesels politiek'', want dit is wat die skrywer inderdaad doen. Wat my betref, hoop ek elke kieser lees hierdie standpunt as hulle enigsins dit as belangrik ag om kundig oor die politiek te wees en meerdere standpunte oor ons moeilike situasie op te kan weeg. Verder sal hierdie publikasie uiters nuttig deur onderwysers in 'n vak soos jeugweerbaarheid gebruik kan word waar daar 'n opvallende leemte aan gebalanseerde bronne bestaan.

M.H. Trümpelmann